**Reeks:** Ons Vra(e)...
**Titel:** ...oor Hemel & Hel
**Prediker:** Stephan Joubert
**Datum:** 10 Julie 2011

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

---

Ek wil graag saam met jou lees uit Romeine 2 vanaf vers 14, een van die goed afgeskeepte, vreemde, kan ek waag om te sê, selfs skokkende tekste van die apostel Paulus. Kom ons lees daaruit.

Paulus skryf in Romeine 2:14: want wanneer die heidene wat geen wet het nie van nature die dinge van die wet doen is hulle vir hulle self 'n wet, al het hulle geen wet nie. Omdat hulle toon dat die werk van die wet in hulle harte geskrywe staan terwyl hulle gewete saam getuienis gee en die gedagtes mekaar onderling beskuldig of ook verontskuldig in die dag wanneer God die verborge dinge van die mense deur Jesus Christus sal oordeel volgens my Evangelie.

'n Paar maande gelede skryf die Amerikaanse bekende prediker, gespreksleier, wat kan mens nie alles oor hom sê nie, Rob Bell, sy groot boek Love Wins. Nog voordat die boek die markte tref loop tweets die wêreld vol van bekende ander kerkleiers wat sê farewell, Rob Bell, ens. Uiteindelik beland die boek op nommer een op Amazon en is Rob op die voorblad van Time Magazine, en alles oor die gesprek wat gebeur in die lewe na die dood.

Dit lyk nie vir my dit was die doel waarmee Rob Bell hierdie boek geskryf het nie, hy wou meer praat oor die lewe aan die duskant, maar dit lyk vir my ook aan die ander kant dat in Amerika mense meer besorgd is oor die lewe aan die ander kant as die lewe aan hierdie kant. Ek weet nie of dit 'n Amerikaanse geit is nie, maar op die ou end word 'n mens se regsinnigheid, dit lyk my, maar in die Christendom grootliks bepaal deur hoe jy dink oor die lewe aan daardie kant, terwyl Jesus en die Bybel ook baie meer uiteindelik net belangstel in wat aan hierdie kant gebeur, want dit bepaal die roete.

Ek wil graag vandag vir 'n oomblik saam met jou reis deur hoe die Bybel, die Ou Testament, die Judaïme, Jesus dink oor hemel en hel. Uit die aard van die saak sal jy jou veiligheidsgordel moet aansit. Ons gaan bietjie buite die spoedgrens beweeg. Ek gaan so bietjie aanstoot want dit is baie, hopelik om 'n portret te skilder oor hemel en hel en genade.

Mag ek afskop saam met jou by die Ou Testament en die Judaïsme. Nou, een ding wat jy moet weet van die Bybel is dat God nie alles meteens oor Homself gesê het nie, en die Ou Testament het aanvanklik... die Ou Testament wat oor 'n tydperk van 3.000 jaar vorm aanneem soos was ons dit vandag in ons Kaanon het, het aanvanklik nie baie belanggestel in lewe aan die ander kant van die dood nie, maar meer aan die pre-morten lewe, die lewe aan hierdie kant, en vir die gemiddelde Israeliet het God se seën. sy redding, 'n paar dinge beteken.

Een, dat jy lank moet lewe; as jy vinnig doodgaan dan lyk dit of God jou nie geseën het nie, dat jy 'n nageslag moet hê; as jy nie 'n nageslag gehad het nie was jy ook so bietjie buite die seën van die Here, en dat jy grondgebied van jou eie moet hê. Dit was min of meer vir 'n gemiddelde Israeliet hoe God se redding gelyk het; lang lewe, kinders en 'n grondgebied.

Maar algaande in die Ou Testament sien ons ook dat daar 'n ontwikkeling kom soos wat God se pad met Israel loop van lewe na die dood, maar vir die gemiddelde Israeliet in die volgende fase is lewe na die dood gelyk aan die onderwêreld. Die Hebreeuse woord vir die onderwêreld: Sheol. Alle Israeliete gaan soontoe. Alle mense gaan trouens Sheol toe.

Lees jy Job of Psalm 88 waar jy woorde kry oor die doderyk dan weet jy almal gaan doderyk toe. Dis 'n slegte plek want in die doderyk kan niemand God loof nie, en die doderyk is donker en jy kan nie weer daar uitkom nie vertel Job in Job 14. Hy sê trouens die bome het 'n beter kans as mense, want 'n boom kan altyd weer uitloop as jy hom afkap en plante kan dalk weer begin groei, maar as jy eers in Sheol is is dit klaar met jou, en dan nog later in die Ou Testament word dit duidelik vir die Israeliete dat daar 'n opstanding van die dooies is en 'n verwagting van 'n onderskeid tussen nadoodse regverdiges and onregverdiges.

Jy weet, Jesaja 26 is klassiek in hierdie verband, vanaf vers 19, of die groot teks, waarskynlik, in Daniël 12:1-3 wat vertel van 'n seun van die mensfiguur en wat die dooies dan op die laaste dag, by die groot dag van die Here, sal


**© 2011 Mosaïek**

skei van mekaar, maar dit vat eers die Judaïsme, die boeke wat ontstaan tussen die Ou en die Nuwe Testament, so van ongeveer 200vC tot so 200nC, om 'n baie duidelike beeld in Judaïsme te vestig van hoe lyk die nadoodse wêreld.

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Nou, teen hierdie tyd het die Jode twee duidelike onderskeide gemaak, en dit tel die Nuwe Testament ook op, naamlik dat die nadoodse lewe wat in die Ou Testament Sheol is in Grieks Hades genoem word. Daar was so 'n Griekse god, maar ook die wêreld waar jy jou bevind direk na jou dood is Hades, en toenemend vir die Joodse geskrifte word dit duidelik, veral in die boek 1 Henog, dat nadoods regverdiges en nie-regverdiges in Hades is, maar ons sien darem in 1 Henog daar loop 'n stroom water by die regverdiges verby, so hulle het dit nie te sleg nie.

Maar dan, wanneer die Here terugkom op die dag van die Here, dan breek die hel proper ook aan vir die slegte mense, en dit staan bekend in Hebreeus, ag, in Grieks, as Gehenna, so ons sien by Judaïsme, en ek gaan nou weer terugkom by die Nuwe Testament hiernatoe, dat na jou dood is jy in Hades, en as jy nou die Here nie geken het nie gaan jy permanent, by die dag van die Here, gaan jy Gehenna toe, dis die hel proper. Die een is die voorstasie van die hel, die ander een is die hel proper, dit is nou wat slegte mense gebeur, en veral 'n boek soos 1 Henog, 'n baie groot boek in Judaïsme, en as jy die Bybel goed ken sal jy onthou die Judas Evangelie, Judas brief, verskoning, kort voor Openbaring, haal 1 Henog aan.

Nou, Henog het geweet waar die doderyk is. As jy al in Israel was, hy vertel vir ons dis daar in die westelike kant, 1 Henog 25, 26, van die wêreld. Dis eintlik, sê hy, daar reg onder die Dooie See, so as jy ooit in die Dooie See swem, wees baie versigtig, dis reg daar onder jou, het Henog gesê, waar die doderyk is, of waar Hades is.

Dit lyk dus vir ons teen die tyd wat ons by die Nuwe Testament aanland dat daar 'n sterk ontwikkeling geloop het deur Israel, vanaf sterk verwagting van God se redding aan hierdie kant na 'n idee dat daar is 'n nadoodse lewe, na 'n onderskeid tussen regverdiges en Godloses, dat daar Gehenna en Hades is, die twee plekke. Hades, direk na jou dood, en Gehenna breek aan by die dag van die Here, die wederkoms, soos ons dit ken.

Kom ons gee 'n tree verder na Jesus toe. Wat sê Jesus oor hemel en hel? Watse toere neem Jesus daarmee? Skokker. Hier is die eerste skok: Jesus preek die Koninkryk van God, en die Koninkryk van God, so hoor ek in Markus 1:15 en Matteus 4:17, is hier. Die Griekse woord wat Markus en Lukas gebruik, maar veral Markus, sê die Koninkryk het aangebreek, dit het gekom, maar dit is ook toekomstig, maar dis hier, en ewe skielik is die geweldige belangstelling wat jy het in die Joodse wêreld oor die nadoodse wêreld, oor figure wat hemelreise neem.

Ons het boeke soos Testament van Moses, die Hemelvaart van Moses, 1 Henog, waarna ek verwys het, waar Bybelfigure sogenaamde reise hemel toe vat en reise na die onderwêreld of na die verskillende hemele toe wat in Joodse Apokaliptiek bestaan is dit by Jesus heeltemal afwesig. Jesus sê die Koninkryk is in julle, sê Hy in Lukas 17. Die Koninkryk is hier en nou, sê Hy, en is die verwysings na Hades, die onderwêreld, en die hel, Gehenna, in die Nuwe Testament bitter skaars.

Die kerk weet meer van die hel as wat die Nuwe Testament van die hel weet lyk dit vir my. As ek so deur die bladsye van die vroeë kerk blaai en die bladsye van vandag se kerk en al die boeke wat oor die ander kant geskryf word dan weet baie mense meer van die hel af as wat die Bybel daarvan af weet, en dit lyk vir my party mense ook.

Hulle kan jou daarmee bangmaak, hulle kan vir jou presies vertel hoe dit is, maar die Nuwe Testament weet nie daarvan baie nie. Trouens, trouens, die nadoodse wêreld, Hades, die tussenstasie waar nadoodse mense is voor die wederkoms, die Nuwe Testament het, kan jy glo, tien verwysings na Hades.

Jy sal byvoorbeeld hoor hoe Jesus in Matteus 11:23 vir Kapernaum waarsku. Hy sê die wonderwerke wat Ek by julle gedoen het, Ek het julle opgetel tot by die hemel maar julle sal neergegooi word tot in Hades, of jy sal hoor wanneer Petrus daar in Matteus 16 bely dat Jesus die Here is, onthou julle, daar by Sisseria Fillipi, dan sê Jesus vir hom in vers 18, Petrus, op hierdie belydenis wat jy pas gemaak het dat Ek die Messias is sal Ek My kerk, My ekklesia bou, en nie eers die hekke, die poorte van Hades, die doderyk, sal dit stilmaak nie.

Jy hoor dis beeldspraak was Jesus gebruik. Hy sê die onderwêreld sal nie in hierdie wêreld inkom nie. Ek sal keer. My Evangelie sal die wêreld vat, of jy hoor dat, in Openbaring, op die laaste dag, daar in daardie groot Openbaring 20, sal die dood en die doderyk die dooies teruggee, met ander woorde Hades sal die dooies teruggee wat in hulle was by die eindoordeel.


**© 2011 Mosaïek**

En wanneer Jesus op rekord is oor die hel, oor Gehenna, oor dit wat gaan gebeur in die permanente wêreld anderkant die wederkoms, dan is daar... dan is daar maar so 12 verwysings ook in die hele Nuwe Testament na Gehenna, of die ander term waarmee dit beskryf word, Abusos, die onderaardse diepte wat met die ewige dood gepaardgaan, hy kom maar nege keer voor in die Nuwe Testament, so die Nuwe Testament is nie baie bekommerd oor die hel nie, net soos wat dit ook nie baie bekommerd is oor die duiwel nie en ook nie te veel oor die duiwel skryf nie.

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030 ◆
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700 ◆
f:011 268 4800 ◆
info@mosaiek.com ◆
www.mosaiek.com

Maar jy sal byvoorbeeld hoor in Matteus 5 waar Jesus, as Hy oor die hel praat sal Hy sê as jou hand jou laat struikel, kap hom af, jou regterhand, onthou julle, Matteus 5:29, of in Matteus 18, as jou oog jou laat struikel ruk dit uit, want wat gaan twee gesonde oë jou nou in die hel help? Jy gaan sien dat dit bars, maar dit gaan jou nie help nie, so, en wat gaan twee gesonde hande jou nou in Gehenna help, in die hel? Dit gaan jou nie help nie, so jy hoor dat Jesus eintlik iets sê oor hierdie kant, met 'n verwysing na die ander kant.

Of Jesus sal baie sterk 'n waarskuwing hê in Matteus 10 as Hy sê vrees God. Moenie vir mense bang wees nie. Vrees God wat in staat is om jou siel in Gehenna te gooi, maar vir die res is Jesus nie besig om mense, kinders en grootmense, bang te maak met die hel nie, is Hy nie besig om selfs eers preke te hou om ons te kom verlos van die hel nie.

Dit was vir my nogal 'n skok gewees, want juis toe ek nou voorberei het en so bietjie ook lees sien ek nou die dag juis 'n ou wat nou vir Rob Bell kritiseer oor sy Love Wins boek en hy sê, maar as Jesus nou nie gekom het om ons van die hel te red nie dan het Hy mos nou verniet gekom, en toe vat ek my Nuwe Testamentiese Griekse Konkordansie en ek gaan lees ook in die voorbereiding hierdie week elke Griekse teks deur waar die woord redder in die Nuwe Testament voorkom, soter [?], of redding, soteria [?], of die werkwoord om te red, sosei [?], en ek kom agter dat daar is eintlik net een groot teks in hierdie hele Nuwe Testament, daar is een of twee wat daarna verwys, maar wat sê dat Jesus ons red van die oordeel, en dis maar... dis Romeine 5:9, maar altyd word Jesus as 'n redder absoluut gebruik, so Jesus is die redder, Jesus is die versoener, Hy is die genade uitdeler.

Hy kom nie in die eerste plek om ons van 'n plek te red genaamd vuur, want ons gaan almal vuur toe en Hy kom staan in die middel nie. Nee, nee, Jesus kom om ons moet God te versoen. Jesus is nie hemelse brandversekering nie, Hy is nie 'n hemelse versekeringspolis nie, Hy is nie 'n hemelse get out of jail free kaartjie om te keer dat sekere mense brand nie. Hy kom om, hoor mooi, ons met God te versoen vir dieselfde rede dat Jesus nie gekom het om teen Satan te veg nie.

Satan en die hel is dit nie werd dat Jesus vir hulle gekom het nie. Jesus het gekom vir God, Hy het gekom om God se Koninkryk te bring, Hy het gekom om mense met God te versoen, Hy het gekom om mense lewe te gee. Dis wie Jesus is en wat Hy kom doen, en daarom, in die derde plek dink ek as ons vir mekaar eers vinnig vat op 'n toer deur die Ou Testament en ons kom tweedens wat Jesus op rekord het oor hemel en hel dan is dit derdens dalk belangrik om vir mekaar te sê dat Jesus die hemelse brandblusser is, maar ek wil dit in aanhalingstekens sê.

Die skokkende ding wat Jesus vir Israel moet sê, en dis nogal 'n skokkende ding, is dat hulle godsdiens hulle nie gaan vrywaar van God se oordeel nie. Hy sê dit vir die groot Farriseers. Hier is die eerste skokker, dat godsdiens... julle het gedink, sê Hy vir Israel, julle godsdiens gaan julle van Gehenna, van die hel vrywaar, en twee van die paar opmerkings wat daar wel in Jesus se mond is oor die eindoordeel, praat Hy met die Farriseers in Matteus 23:15 en Hy sê, weet julle wat, julle ouens, nê, is sendelinge, maar julle trek oor kontinente en seës om een of twee dissipels te maak en julle maak hulle dubbel so gereed vir die hel soos wat julle is, of in Matteus 23, daar in vers 30 rond sê hy vir die Farriseers: julle met al julle godsdienstige vroomheid, julle sal nie Gehenna ontsnap nie. Skokkende woord wat Jesus vir Israel sê, godsdiens gaan jou nie keer om in die doderyk te beland nie, en dan draai hy na Israel toe en dan sê Hy nasionale afkoms gaan julle ook nie vrywaar van God se oordeel nie.

Onthou jy as Jesus in Matteus 8, as Hy die Centurion daar by Kapernaum se kind of kneg genees en hierdie man vir Jesus sê jy moet maar net 'n woord sê dan sal daar genesing wees vir my kind, dan sê Jesus sulke geloof het ek nog nie in Israel gesien nie, en dan sê Hy daar in Matteus 8:11 en 12 die mense sal van die ooste en die weste in die Koninkryk inkom, en julle ouens, julle ouens sal buite staan.

Julle sal nie plek kry nie want julle verstaan nie God se genade nie. Julle dink godsdiens is hierdie kultiese ding dat ons beheer oor God het en ons het die resep op God uitgedink, en daar is net een resep na God toe en dis deur ons kultus, en julle gaan sien hoe mense van die ooste en die weste inkom.


**© 2011 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Watter skokkende oordeelswoord het Jesus nie oor Israel nie, en dan, vir die gewone mense sê Hy ook julle dink dis julle vroom kultiese handelinge wat julle met God gaan versoen. Julle dink God werk op hierdie resep ook op grondvlak, en dan is Jesus keer op keer op keer op rekord dat redding nie 'n resep is nie, dis nie 'n hemelse transaksie om in die hemel uit te kom nie, maar elke keer as iemand vir Jesus vra hoe kry ek die ewige lewe dan sê Jesus jy moet aan hierdie kant reg lewe. Julle kyk daar, maar die lewe gebeur hier

In Lukas 10:25 as die wetgeleerde hom met daardie groot strikvraag probeer vastrek: Rabbi, hoe kry ek die ewige lewe, dan vertel Jesus sy groot gelykenis van die jammerhartige Samaritaan. In Markus 10, as die ryk jong man by Jesus kom en hy sê vir Hom hoe kry ek die ewige lewe dan sê Jesus hou die gebooie, dan sê hy ek hou hulle almal, dan sê Hy jy het nog net een nie gehou nie; gaan verkoop jou besittings.

As Jesus Sy groot gelykenis in Lukas 16 vertel oor die lewe aan die ander kant, van die ryk man en Lasarus, dan is die punt hoe kom die ryk man in Hades, in die doderyk is tussen die... want die wederkoms het nog nie aangebreek nie, hy is in Hades, in die onderwêreld, en hy brand en hy ly, is die rede hoekom hy daar is nie omdat hy nie die sondaarsgebed gebid het nie, maar omdat hy met sy purper klere elke dag geeët het en luukse kos geeët het en by arme Lasarus verbygestap het en nie 'n hart gehad het vir hom nie, so hoe jy in hierdie kant lewe, hoe jy 'n hart het vir stukkende mense, hoe jy soos die jammerhartige Samaritaan stop by stukkende mense, hoe jy jou besittings weggee soos wat die ryk jong man nie kon doen nie, Jesus sê dis die sleutels, en Jesus is elke keer op rekord daaroor.

Dis net die kerk wat dit, lyk vir my, elke keer mis lees, maar Jesus sê oor en oor wanneer lewe ter sprake is, en, weet jy, dis hoe jy optree, dis hoe jy lewe, jou lewe is die sleutel, nie die belydenis wat jy maak nie, nie die transaksie wat jy met God sluit nie, maar die lewe wat jy saam met God lewe, en hoe jy na ander mense toe lewe in die naam van God wat gaan wys of jy reg is.

En is daar ooit 'n mooier teks en 'n gevaarliker teks wat Jesus vertel as Matteus 25:31 tot 46 wanneer Hy vir ons 'n finale beeld gee, wanneer Hy die gordyn vir 'n oomblik wegtrek op die nadoodse wêreld, die post-mortem wêreld, en Hy sê op die laaste dag as almal voor God staan, die skape en die bokke, die linker en die regterkant, en God Sy boeke oopmaak dan is dit nie of die ouens 'n sondaarsgebed gebid het nie, maar of jy vir Jesus 'n vriend was toe die hongeriges honger was, toe die vreemdeling 'n vreemdeling was, toe die naaktes ongekleed was, toe die stukkendes in hulle eie stukkendheid was, hoe het jy toe gehelp, en dit sal die kriterium wees, want wat jy doen aan Jesus se vriende doen jy aan Hom, nie wat jy bely oor Jesus nie.

Jesus sê jy kan bely soos jy wil, en Jakobus sê dit ook. Jakobus sê jy kan bely soos wil, maar hoe jy lewe, dit is die ding wat bepaal hoe jy aan hierdie kant en aan die ander kant jou lewe gaan deurbring, maar daar is hoop. Daar is goeie hoop, en die goeie hoop staan bekend as genade.

As dit aan die een kant waar is dat die Nuwe Testament 'n radikale afskaling het van hemel en hel, as dit waar is dat die meetinstrument anderster is, dat die godsdienstige leiers van Israel dit nie gaan maak nie, dat die godsdienstige Israeliete dit nie gaan maak nie, dat gewone mense op voetsoolvlak wat die gebooie hou 'n verrassing het, dan, geliefdes, dis eintlik die wonderlike ding van die Here dat Hy in genade na ons toe kom, want onmiddelik is die vraag op hierdie toer deur hemel en hel dat Jesus sê maar wat doen julle met My.

Wat doen julle met My? Hoe gaan redding lyk as julle met my te doen het, en dan weer 'n keer is daar geen resep by Jesus nie. Jesus sê nie Ek het gekom om julle na 'n beter plek toe te vat nie, Hy sê nie Ek het gekom om 'n geestelike lughawe te bou hier op aarde genaamd kerk, en julle almal gaan skuil daar in daardie geestelike bomskuiling, en op die regte dag dan vat ek julle gou oor. Julle weet nie wanneer die vlug kom nie. Party van julle weet, party van julle het gedink dis op 21 Mei maar dis uitgestel, maar julle weet nou nog nie wanneer daardie vlug kom nie, maar sit net in daardie lughawetjie, kruip weg, Ek sal julle kom haal. Nee, nee.

'n Polis werk amper so, nê. 'n Versekeringspolis is 'n kontrak wat jy aangaan met 'n versekeringsmaatskappy. Jy betaal jou premie en dan betaal die polis uit. Al is die makelaar so oulik soos kan kom, dit gaan nie oor die makelaar nie, en ek dink baie ouens dink so oor geloof. Ek het nou hierdie gebed gebid, ek het nou hierdie hemelse versekering uitgeneem, ek het nou hierdie transaksie met God geklink, en bo alles het die kerk vir my gesê dis gratis. Dis darem lekker, nê, gratis ewige lewe. My lewe aan die ander kant is verseël. Dis wanneer jy nie 'n verhouding verstaan nie, en dis wat Jesus kom doen.


**© 2011 Mosaïek**

Hy bring die genadeverhouding. Hy kom verniet na ons toe. Hy klim al die pad uit die hemel uit af om hemel op aarde te maak. Hy kom om ewige lewe hier te hê, en as ek baie tyd gehad het sou ek jou graag deur die hele Johannes Evangelie vanoggend wou vat, want dis Johannes se boodskap. Ewige lewe is nie doer nie, dis hier. Wie in My glo, Johannes 5:47, het die lewe. Ek is die brood wat lewe gee. As julle My eet sal julle saam met My lewe.

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Die ewige lewe is nie 'n plek nie. Ek is nie op pad na die plek waar bemindes is nie. Die ewige lewe gaan nie in die eerste plek oor hoe lang tyd dit is nie; dit gaan oor waar Jesus is, en Hy sê as jy in My glo gee Ek vir jou lewe wat nie eers deur die dood op... sal ophou nie, en Hy doen dit verniet, en Hy doen dit nie soos 'n resep nie.

Die genadige Jesus loop in Lukas 1 in die tollenaar Levi vas, en hy sê vir hom volg my, en Levi lewe. Hy het nie eers 'n resep vir hom gegee, as jy dit bid, hier is die kontrak van die hemel dan sal jy gered word nie. Levi het lewe, hy los alles. Hy los sy lewe en hy begin 'n nuwe lewe saam met Jesus.

In Lukas 5 storm die vrou wat die top sondares is, wat onder die top tien sondaars nommer een was die afgelope week in Kapernaum by Jesus in, die straatvrou, en daar vanaf vers 36 tot 50 in Lukas 5, en sy droog haar sondige lewe met haar hare af, en sy bid nie eers 'n gebed nie en Jesus sê vir haar jou sondes is vergewe, en in Lukas 19 stop Jesus onder die boom van die grootste sondaar in Jerigo en hy val uit die boom uit tot in die Koninkryk, en Jesus sê vandag het daar redding gekom.

En die man wat daar aan die kruis hang, wat vir Hom vra in Lukas 21, Here, dink net aan my. Jesus sê die ewigheid is joune, Ek gee vir jou genade, en daardie vrou wat ook maar weer gevang is in die verhouding in Johannes 7:58 tot daar by 8:10 wat die godsdienstiges daar met die klippe wil doodgooi. Hy sê vir haar sonder 'n woord jou sondes is vergewe. Jy sien, dis hoe Jesus is. Hy bring 'n verhouding, so weet jy hoe werk redding, weet jy hoe werk hemel en hel?

Jesus is die antwoord, Jesus is die geneesmiddel, Jesus is die brandblusser. Dit is Hy wat in Lukas 13:6-9 by die onvrugbare vyeboom kom staan. As die enigste konklusie is kap die boom uit dan briek Hy en Hy gee nog 'n jaar uitstel en 'n ewigheid van afstel. Wanneer Sy eie dissipels in Lukas 9:51-56, wanneer die Samaritaan se dorpie Jesus wegjaag sê hy Here, stuur bietjie vuur uit die hemel, brand hulle, kry daardie sondaars terug, gooi klippe op hulle, gooi hemelse kole, dan sê Jesus Ek het gekom om die vuur dood te blaas.

Ek kom staan in die pad, Ek kom gee my lewe, Ek is die nuwe kos, Ek is die nuwe hoop en daar is nie 'n resep hoe jy na my toe kom nie, Ek is die weg, maar dit gaan oor 'n verhouding, so Israel, julle met julle resepte, kerk, julle wat so geweet het van die hemel en die hel, julle wat so seker is as jy net hierdie proses volg of hierdie resep volg, ja, God kan dit ook gebruik. Hy kan mos noue enige iets gebruik, selfs ons mensgemaakte resepte, maar weet julle wat, nê, hemel en hel, die antwoord is Jesus, en dis nie daar nie; dis hier, en die nie 'n plek nie; dis Jesus, en dit gaan oor nuwe lewe.

Maar beteken dit daar is nou nog ex eventu, na die dood, nog 'n kans? Beteken dit ek kan maar aan hierdie kant lewe soos ek wil? Ek is nie so seker nie. Ek dink daar moet ons die Nuwe Testament nog 'n slag uithoor. Ek dink ek moet weer 'n keer Matteus 25:46 lees, dat Jesus sê Hy is genoeg brood en genoeg lewe dat as jy aan hierdie kant nie jou oë oopmaak nie, sjoe, dan is dit moeilik, dan het jy eintlik jou rug op God gedraai.

Die Katolieke, die ou Katolieke het 'n ding gehad wat hulle die vagevuur genoem het, in Engels purgatory. Al wat in Afrikaans daarvan oorgebly het, ek onthou, ek weet nie of... mens gebruik seker nie meer die woord nie, maar ek onthou in my kinderdae het my ma altyd vir ons purgasie gegee, dis al wat van purgatory oorgebly het. Ken julle purgasie? Dis nie lekker nie, maar dit laat jou beter voel. Dit was die vagevuur.

Jy gaan purgatory toe dan brand jy vir so X aantal miljoen jaar, afhangende van jou sondes, en as jy nou... dan kan jy nou op allerlei maniere nou weer daar uitkom, so 'n Katolieke tradisie waateen Luther gereageer het, het soort van 'n uitkoms gehad uit die vagevuur, maar ek dink saam met die Katolieke sou ek wou debatteer, en saam met Rob Bell, en sê maar wat nou van die ouens wat nou nie die Here Jesus ken nie, want dis mos nou die vraag wat jy baie keer hoor. Wat nou van die mense in Indië?

Snaaks, dis altyd die mense in Indië; dis nooit die mense in Pretoria nie, maar wat nou van die mense in Indië wat nou nie die Here ken nie? Erwin McManus het vir my eenkeer een van die beste antwoorde ooit daarop gegee toe 'n ou vir hom gesê het, maar wat nou van die mense in Indië wat nog nooit van die Here gehoor het nie, toe sê


**© 2011 Mosaïek**

Erwin vir hulle dis hoekom tien van my gemeentelede tans in Indië is, en wat doen jy daaraan, so dis nie so 'n hipotetiese vraag, nou wat van die mense daar en daar nie, maar ek dink tog Romeine 2:14 en 15 en 16 help ons.

Paulus is dit... hy sê luister, jy moet een ding weet, daar is net een Redder en Sy naam is Jesus Christus. Daar is nie 'n ander pad nie. Paulus is op rekord daaroor. Ek bedoel, dis die een ou wat sê daar is nie 'n ander redding nie, net Jesus. Hy se, maar jy moet een ding van God weet, Hy is die genadige God, en Paulus begin met die Jode 'n gesprek. Hy sê julle ouens wat dink julle het die Wet, wat Jesus gesê het julle in elk geval nie gaan help nie, hy sê maar julle gaan op die laaste dag die verrassing van julle lewe kry. Julle gaan agterkom die Wet is ook in die nie-Jode se harte.

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

Nou kyk, dis 'n riller. Om vir 'n Jood te sê God se Wet is in 'n nie-Jood se hart is onmoontlik, maar Paulus sê dit. Hy sê God in Sy groot genade skryf ook Sy genade in mense wat anderster is en mense wat nooit die kans gehad het om Thora te hoor nie. God het sy Thora sommer so in hulle harte geskryf en baie mense het dit gehoorsaam, en op die laaste dag sal dit aan die lig kom wanneer die genadige God oordeel, so vra... as iemand vir my vra nou wat van die mense in Indië vra ek hoekom is jy self nie daar nie, en wat van die mense in Pretoria?

Julle sal dit nie glo nie, as mens oor die Apiesrivier gaan is daar lewe, so... trek terug, maar dit is ook waar, daar is lewe, ek kan dit nie terugtrek nie, maar die punt is die genadige God sê Hy sal met genade oordeel, en Hy het al die feite, die feite wat ek nie het nie, daarom lyk dit vir my is die boodskap van die Nuwe Testament nie wat gebeur, of gaan Hy nou nog 'n kans gee daar iewers in die ewigheid nie, maar is die Nuwe Testament se punt los God met die feite, Hy het dit alles, en Hy skryf sy Wet op maniere in mense waarvan jy nie weet nie, en as jy een ding van God wil weet is dat Sy straf kort is en Sy genade groot, en as jy nog 'n ding van God wil weet is dat Jesus die enigste weg is, maar dat hierdie einste Jesus en hierdie einste God in Romeine 2 sê op die laaste dag sal die mense wat nooit 'n kans gehad het, sal mens dalk moet gaan kyk of God nie Sy wet in hulle harte geskryf het nie, en dan los Paulus dit so oop.

Ek wil afsluit. Ons was vanoggend op 'n blitsbesoek aan die hemel en aan die hel. In die Ou Testament het dit algaande ontwikkel. Aanvanklik was almal in die doderyk, en toe was daar 'n onderskeid tussen die regverdiges en die slegte mense, en toe Jesus kom toe sê Hy hoekom is julle so behep met die wêreld aan die ander kant? Ek wil liewers kyk wat gebeur aan die hierdie kant. Ek wil sien of hongeriges kos kry omdat julle in My glo. Ek wil sien of stukkende mense heel gemaak word omdat julle My liefhet, en wat help dit julle veg julle hele lewe oor die ander kant en julle lewe vertel niks van hierdie kant nie?

Wat help dit julle is so Godsdienstig dat julle almal kry om soos julle te glo maar nie soos julle te leef? Wat help dit alles as jou lewe nie vertel nie, so jou lewe sal wys of jy in my glo. Nee, nee, die armes sal weet, en die hongeriges sal weet, en die stukkende mense en die verlorenes, en Ek sal na jou toe kom en Myself aan jou openbaar, en as jy kan sê Jesus is die Here, al stamel jy dit ook uit, al roep jy dit in jou sterwensoomblikke uit, al vat dit jou 'n leeftyd om dit te begin bely. Ek het nie 'n resep nie want Ek bied my in 'n verhouding aan, en party mense verstaan dit so en kom in 'n oomlik tot bekering, en andere vat 40 jaar.

Ek sit die afgelope week met iemand en gesels wat my sê hy sukkel die afgelope 40 jaar om te glo, toe sê ek vir hom jy moet moed hou. Paul Althaus, die groot Duitse teoloog, het gesê ek weet nie aldag of ek glo nie maar ek weet in wie ek glo, die God van genade, en die God wat Sy Kind gegee het om die wêreld te kom heelmaak.

Jesus is die weg en die waarheid en die lewe. Hy is die enigste weg. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur Hom nie, maar Hy het nog baie ander skape wat nie in hierdie kraal is nie, wat Hy na Hom toe sal lei soos wat Hy self sê, en mag die Here vir ons genadig wees om, wanneer ons die Woord hoor, aan hierdie kant 'n verskil te maak. Amen.

Here, baie dankie vir U Woord. Baie dankie, Here, dat hemel en hel eintlik nou al uitgesorteer is, dat dit nie gaan oor die ander kant of die plek waarnatoe ons gaan nie, maar oor Jesus, dat U God se genade in lewende lywe is, dat U die naam en adres van genade is, en dat U mense ontmoet op hulle eie terme, partykeer in 'n oogwink, wanneer iemand dramaties tot bekering kom, dankie, Here, dat U so ook werk, ander kere dat U vir jare en jare en jare saam met iemand stap, en dankie dat U tyd het.

U was bereid om 'n hele dag Emmaus toe te stap saam met twyfelaars. Dankie dat U saam met mense soos ons ook stap en, Here, veral daardie miljoene mense wat nou nie soos ons bevoorreg is om 'n Bybel te hê en van U te weet nie, dankie dat hulle in U hande is, U die genadige God wat U wet skrywe, soos Romeine 2 ons leer. Leer ons, Here, om die oordeel vir U te los en U lewe te omhels. Leer ons, Here, om nie in U regspan te wees nie, maar


**© 2011 Mosaïek**

in U mediese span wat medisyne uitdeel en hoop uitdeel, en wat so lewe, Here, dat ons hele lewe 'n simfonie is vir die lewende God.  Hoor ons in die naam van Jesus, amen.

Mag die vrede van on Here Jesus saam met julle wees as julle die res van hierdie dag ingaan.  Amen.

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com


**© 2011 Mosaïek**